

# *Qua Vadis?*

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

**NR. 224**

(Geen datum)

**LOOF GOD!**

\* \* \* \* \*

"HERE, my God, vir ewig sal ek U LOOF"

(Psalm 30:13)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

# Die skepping loof God

Het jy geliefde Leser, dit ook al ervaar hoedat selfs die skepping God as't ware loof?

- in die Lente as die bome bot, die voëltjies uitbundig sing en alles begin lewe;
- of na 'n reënbui as alles so skoon, vars en nuut is;
- of êrens in die veld of berge . . . jy voel dit net aan: Die skepping loof God!

Dit kan tog nie anders nie!

God is immers die Skepper van sy goeie skepping.

Reeds so vroeg in die Bybel as in Genesis, lees ons hoedat God Sy skepping skep. En telkens hoor ons Sy stem: "En dit was **baie** goed."

'n Goeie skepping wat bot en leef en sing — aan God alleen die lof.

En ja, die mens het die opdrag ontvang om oor die skepping te heers en dit aan hom diensbaar te maak. Maar soms verniel die mens die skepping.

- Breek af
- Bemors
- Vernietig

Dan sien jy dit raak: Ook die skepping is aan die sonde en nietigheid onderworpe. So sê Paulus in Romeine 8.

Maar oorspronklik was dit nie so nie . . .

- Nee, Jesaja sê in hoofstuk 43 dat alles deur God geskape is tot sy eer . . . om Hom te loof en te prys.
- Inteendeel, sê Paulus aan Timotheüs in hoofstuk 4:4: "Alles wat deur God geskape is, is goed."
- En as ons vandag skaars raaksien of ervaar hoedat die skepping God loof, weet ons dat dit die sonde is wat alles verduister. Tot eendag wanneer God 'n nuwe aarde gaan skep waar alles en almal God sal loof en prys.
- Sien ook raak as jy jou Bybel lees — hoe baie daar in die Bybel gepraat word van God se skepping van dinge. Ons lees in die Bybel van 95 soorte bome of blomme of plante; van 20 soorte kruipende diere; van 38 soorte diere; van 15 soorte insekte en van 34 soorte voëls.
- Kyk daarom met ander oë na die Skepping, hoedat die skepping God loof en prys. En mag die mens — jy en ek — as **kroon** van die Skepping, voorgaan in lofprysing aan God, ons Skepper.

**Ds. Nico Ligthelm**

# Ek loof die Here op my siekbed

Ek moet altyd die Here loof.

Sekerlik nie so jubelend soos 'n bokkie wat huppel nie, maar ook op my siekbed sal ek die Here loof. Dié lof is in die diepe vrede van berusting wat in my hart gloei. In teenspoed is ek geduldig.

Teëspoed kom ook op die pad van die gelowige. Om by die tempel van die Here te kom moes sy volk deur dorre laagtes trek. (Psalm 84:7). In die dor laagtes het die volk water gekry wat die Here vir hulle ondergronds gebêre het. Dan kon hulle verder trek om sy teenwoordigheid by die tempel te geniet. Juis om voluit die heerlike teenwoordigheid van die Here te kan geniet, moet ons deur die swaar plekke in die lewe worstel.

'n Gelowige is 'n kind by 'n Vader met 'n groot hart. 'n Gelowige is iemand wat as gevolg van sy sondes nooit in die Vaderhuis sou kon inpas nie. Maar ten spyte daarvan is hy in die Vaderhuis as kind opgeneem. Daarom moes Jesus Christus die sonde wegneem, sodat sondaars as kinders, in die huis van hul sorgsame Vader, kan bly. Hy sorg dat ook my siekte vir my goed is.

So dikwels is my siekte die tug uit my Vader se hand. "Want die Here tug hom wat Hy liefhet ..." (**Hebreërs 12:6a**). Genadiglik is ons nie siek bloot omdat ons sondaars is nie — dan sou ons almal voortdurend siek gewees het.

- Dit is as ek nalaat om met erns teen die sonde te stry dat Hy my wil nadertrek.
- Deur siekte gaan my oë oop vir sondes wat my van die Here weghou.
- En as ons dan met nuwe ywer naby Hom leef, dan deel ons in die vrede van die Here (Hebreërs 12:11).

So kom siekte ook op ons pad om ons lewensgang verrassend te stuur.

So moes die apostel Paulus siek word om by die Galasiërs die evangelie te verkondig (Galasiërs 4:13).

So kom siekte soms om ons God se krag te laat sien. So sê die apostel Paulus:

"Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk."

Aangenaam is dit nie om siek te wees nie.

- Tog is dit elke keer goed vir ons.
- Dit is die aanraking van 'n Vader wat liefhet.
- Daarom loof ek Hom op my siekbed.

***Ds. P. A. Odendaal***

# Ek sal die Here in my ouderdom loof

"Noudat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God, dat ek nog aan die geslagte wat kom, kan vertel van U werk en U mag." (Ps 71:18).

Die ouderdom gaan gewoonlik gepaard met gevoelens van eensaamheid en verlatenheid, en dikwels ook van oorbodigheid en nutteloosheid.

Die bejaarde is deeglik bewus van die swakhede en gebreke wat die jare van sy leeftyd meebring - die aftakeling van liggaam en gees.

Die Prediker praat van:

"die tyd wanneer die sterk manne waggel en die malers ophou maal omdat hulle min geword het, die tyd wanneer dit donker word vir die wat deur die vensters kyk, wanneer die geluid van die meul dof word, die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek . . ." (Pred. 12).

So beskryf die Prediker die ellendes van die ouderdom, en hy voeg daarby. "Dit is die jare waarvan jy sal sê: Ek het daar niks aan nie."

- As jy nie meer kan doen wat jy vroeër kon doen nie, voel jy uitgestoot en nutteloos, want ander neem jou plek in.
- As jy met die swakhede en gebreke van jou ouderdom nie vir andere 'n las wil wees nie, trek jy jouself al hoe meer terug — en dit beteken vereensaming.
- As jy nie meer soveel kontak het met die jongere geslagte nie,
- As baie van jou tydgenote, en dikwels ook jou lewensmaat jpu al ontval het, dan groei daar in jou binneste 'n onbeskryflike eensaamheid en verlatenheid — wat jou somtyds laat voel of jy in mindere of meerdere mate ook van God verlate is.

So word die gebed van die digter van Ps 71 in die hart van menige bejaarde uitgespreek:

"Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegees het nie." (vs9).

Die digter van hierdie Psalm het reeds 'n gevorderde leeftyd bereik, en nou in sy ouderdom word hy in benoudheid gebring deur goddelose vyande.

En dan roep hy tot die Here:

"nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God."

Hy weet dat die Here van sy jeug af, ja, van sy geboorte af, sy Hulp was en hom beskerm en bewaar het.

En hy glo dat soos wat die Here hom uit die benoude ervaringe van die verlede gered het, Hy ook nou weer uitkoms sal skenk.

In sy eensaamheid en stryd en verlatenheid gryp hy vas aan die troue Verbondsgod, en stel hy sy vertrouwe op die Here se beloftes van bystand en ondersteuning in elke lewensomstandigheid.

Sy geloof is gevestig op God wat sy beloftes getrou nakom en die werke van sy hande nie laat vaar nie.

Dit het God in Christus aan sy Nuwe-Testamentiese gelowiges ontwyfelbaar betoon: Ons weet dat Hy sy kinders nooit, ook nie in hulle ouderdom, sal verlaat nie.

Aan die kruis op Golgota was Jesus Christus van God verlate, sodat ons nimmermeer deur Hom verlaat sal word nie. **Nooit nie**, ook nie in die dag van ons ouderdom as ons kragte

afneem nie. Ons het sy heerlike belofte ontvang:

" . . . Ek is met julle, al die dae tot aan die voleinding van die wêreld." (Matt 28:20). Christus is die antwoord op die gebed van die digter van Ps 71.

Christus bly nog steeds die antwoord op die gelowige versugting van elke bejaarde.


En daarom moet ons ook in ons ouderdom steeds die Here bly loof.

- Daarom moet ons steeds van sy genadewerk bly getuig.
- Daarom moet die oues van dae, soos die digter van Ps 71, aan die geslagte wat kom, bly vertel van God se werk en sy mag, van sy kragtige daade, en van die groot dinge wat Hy gedoen het.

Al voel ons soms nutteloos en oorbodig, moet ons weet dat die Here ons met hierdie doel voor oë nog spaar, en dat Hy ons daartoe bystaan en versterk:

- Ook in my ouderdom sal ek die Here bly loof!
- Ook as my kragte ingee, sal ek bly vertel van sy reddingsdade en sy verlossingswerk!

**Ds. Pieter van der Walt**



*Christus bly nog steeds  
die antwoord op die  
gelowige versugting  
van elke bejaarde.*

# Ek sal die Here loof in my eensaamheid

Om eensaam te wees is nie net om alleen te wees nie. Jy kan selfs eensaam wees tussen baie ander mense. **EEIMSAAMHEID IS OM DEUR MEIMSE VERGEET TE WORD.**

- Jy bevind jou dan in situasies waar jy van niemand hulp kan verwag nie.
- Daar is niemand wat hom oor jou ontferm nie.
- Niemand stel belang in jou probleme nie.
- Jy vind by niemand enige hulp of bemoediging nie.

Voel jy miskien so? Jy is dalk getroud. Jy is dalk deel van 'n gesin, werk elke dag saam met ander mense, bly in 'n dorp of selfs 'n groot stad maar tog so bitter eensaam.

- Jy sal dan sekerlik wil vra: Is dit nou die geleentheid om in lofsange uit te breek?
- Is dit moontlik om God in sulke situasies te loof?
- Hoe kan mens God loof, sy Naam grootmaak as die enige ware God vol van genade en liefde?
- As die Here 'n genadige God is, waarom plaas Hy my dan in sulke bittere eensaamheid?

**SULKE VRAE MET 'N TOON VAN VERWYT IS JUIS TEKEN DAT JY GOD NOG IMIE WAARLIK KEN NIE.** Dan word 'n mens se eensaamheid nog meer bitter. Die ergste eensaamheid is immers nie om van mense verlate te wees nie.

## MAAR

- om van God verlate te wees.

In Johannes 5 lees ons van 'n kreupel man wat vir die Here Jesus sê: "Here, ek het niemand om my in die bad te sit as die water geroer word nie."

Hierdie man het niemand wat hom help nie. Hy lê eensaam tussen baie mense. Mense het by hom verbygeloop, behalwe **EEN**, naamlik **JESUS CHRISTUS**.

Jesus het nie net by hierdie man gaan staan nie, maar hom ook gehelp en hom verlos uit sy eensaamheid.

Niemand kan dit beter doen as juis Jesus Christus nie. Hyself het die bittere dieptes van eensaamheid geken en deurworstel.

- God die Vader het Hom gestuur na hierdie wêreld waar Hy vrywillig ook die oorsaak van alle eensaamheid kom wegneem het, naamlik die sondes. Hiervoor het Hy die bitterste eensaamheid van die kruis binne gegaan.
- Mense het Hom verwerp en geskreeu:

## WEG MET HOM, KRUISIG HOM!

- En aan die kruis op Golgota moes Hy dit ten laaste ook uitroep:

**"MY GOD, MY GOD WAAROM HET U MY VERLAAT?"**

Jesus Christus was volkome eensaam, selfs van God verlate vanweë die straf wat Hy moes dra op al ons sondes. So het Hy met sy bloed almal wat in Hom glo as hulle enigste Verlosser, se sondes afgewas en verseker dat hulle nooit deur God verlaat sal word nie.

As jy God so ken en in Jesus glo as jou Verlosser, sal jy soms nog eensaam wees van mense, maar nooit nie meer van God. Hy sal dan ook jou enigste anker wees in sulke moeilike tye vir wie jy dan altyd sal kan loof.

**Ds. Sarel Cilliers**

# Loof God . . . in die kerk

- As 'n mens bly is . . . regtig bly is . . .
- as jou hart vol bruisende vreugde is . . .
- as dit in jou gemoed straal . . .

dan is die eerste en spontaanste ding wat so 'n mens doen: - om te **SING**.

— Jy besing jou vreugde, jubel dit uit en verkondig jou blydschap luidkeels;

— Almal moet jou hoor!

— Maar, jy besing ook die **oorsaak** van jou vreugde!

Dit borrel en bruis . . . want jy's bly en vol vreugde. Tereg sê die spreekwoord: Waar die hart van vol is, loop die mond van oor!

As jou hart bly en vol vreugde is, sal dit uit jou mond borrel.

So moet ons God loof — ook in die kerk.

Hoekom? Want Jesus Christus het vir **jou** sonde gely en gesterf. Hy het jou vrygekoop van sonde en die dood en die hel. Dit is voorwaar genoeg rede om uit te jubel en te sing vanweë jou dankbaarheid en vreugde. Want die oorsaak van jou vreugde is **Jesus Christus!**

En dieselfde Christus gee in Matt 16 aan ons die Kerk! 'n Kerk wat gebou is **op Hom, die Messias, die Seun van God. En soveel te meer** moet ons in die Kerk, God loof en prys, omdat ons daar met mekaar dieselfde vreugde deel.

Blaai maar deur die Psalms. Ons word deurgaans opgeroep om God in die Kerk te loof en te prys. Kom ons kyk na enkeles:

- In Psalm 30, wat Dawid skryf as die Tempel (kerk) in gebruik geneem word:
  - "Ek wil u lof verkondig, Here" (vs 2).
  - "Sing tot eer van die Here" (vs 5).
  - "Daarom sal ek sing tot U eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof" (vs 13).
- Of Psalm 84:
  - "Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige. Ek versmag van verlanse na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God." (vs 2 en 3).

Ook hier jubel die digter oor en in Gods huis.
- Of Psalm 122:
  - "Ek was bly toe hulle vir my gesê het: Kom ons gaan na die huis van die Here toe" (vs 1)
  - blydschap om kerk toe te gaan.
- Kyk ook na Psalm 134:
  - "Kom prys die Here, julle . . . wat in die tempel van die Here staan" (vs 1)
- En Psalm 135:
  - "Prys die Here, dienaars van die Here" (vs 1).

Baie psalms wat jou, kind van God, oproep tot vreugde in sy kerk.

Gaan jy so kerk toe, of nie?

En as jy daar is . . . klink dit na lof en prys en vreugde? Ja, dit moet so wees — om God te dien in sy Huis saam met mede-gelowiges . . .

— groter vreugde kry jy bykans nie!

Gaan dan kerk toe en loof Hom, jou God wat jou in Christus verlos het.

***Ds Nico Ligthelm***



# Waar is jy?

Het u gesien dat in dié uitgawe van Quo Vadis ons besig is om God te loof?

Ja, God te loof in:

- die skepping
- in eensaamheid
- op die siekbed
- in die kerk

EN

Geliefde Leser, waar is JY?

Is u nog deel van daardie lofprysende skare kinders van God wat Hom KEN en bely as genadige Vader?

Het u dalk al u rug op die Kerk gedraai en weggestap om in eie belang die plesierigste pad aan te durf?

Het u dalk verdwaal geraak op die dwaalspore van die lewe en het u nie die moed om weer al die bande op te trek nie.

Ek ken die argumente:

Ek loop nou al 'n hele tyd so eensaam. Niemand het my van die kerk af kom opsoek nie. Hulle behoort mos van my te weet. Vriend, ons aanbid 'n alwetende God, maar die kerkmense met predikant en al, is nie alwetend nie.

Het jy dit nog nie oorweeg om dalk net jou naam en adres in 'n posbussie by die kerk te sit nie?

Ag, ons het so 'n nare stuk trots in ons. Ek gee nie 'n duimbreedte toe nie.

Of het jy dalk gedink dis beter om van alles af weg te vlug?

Waarheen?

Net sommer koers te kies van alles en almal af weg?

Weet u, dat dit ook in die gedagte van Adam en Eva was. Ons lees die hartseergeskiedenis in Gen. 3 waar die eerste mensepaar gesondig het deur net te eet wat God hulle verbied het om te eet. (Gen. 3:17).

Die eerste gedagte wat by hulle opgekom het was om die gemors van sonde waarin hulle hulself gedompel het deur ongehoorsaamheid, op 'n verkeerde manier te verdoesel. Hulle bedek hulle naaktheid en kruip weg vir God. (Gen. 3:8) Is dit wat jy ook probeer doen?

- Wegkruip?
- Wegkruip vir God?
- Wegkruip vir die feitlikheid van die saak?

Waar kan die mens dan heen vlug voor **Gods** aangesig?

- Berge toe?
- Stad toe?
- Eensaamheid toe?

Nee, jy kan nie. God het dan hemel en aarde gemaak. Dis orals op Sy plekke waar jy wil wegkruip. Maar hoor Sy roep aan Adam: Waar is jy? My Vriend, en waar is jy?

As God tot jou spreek op een of ander manier, hetsy in

. . . eensaamheid of in groepe

. . . siekte of gesondheid

. . . werkloosheid of honger

Moenie verskoning soek nie. Moenie soos Adam vir Eva die skuld gee nie. As God, jou hemelse Vader jou op Sy manier roep, gaan staan doodstil. Dink na, **DRAAI OM** en sê vir Hom: “Vader, ek het gesondig, vergewe my.” En as Vader sal Hy jou nooit verstoot nie. Bid: “Vat my tog vas en gee my krag om terug te gaan na my kerk toe. Na my mense toe. Na my Bybel toe.”

My liewe Leser, waar is jy? Sê vir God waar jy is want Hy **WEET WAAR JY IS.**

***Ds. Andries H. Mulder***